

THE GOODS SHED



MOSSELBAAI

AANSOEK VORM VIR UITSTAL RUIMTE

BESIGHEID / HANDELSNAAM:

EIENAAR:

IDENTTITEITSNOMMER:

WOONADRES:

POSADRES:

POSKODE:

KONTAKBESONDERHEDE /TEL:

TIPE: HANDGEMAAK:JA/NEE AANKOOP:JA/NEE

TIPE HANDELSNAAM, INDIEN ENIGE:

TIPE PRODUK:

VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ALLE PRODUKTE WAT U BEOOF OM TE VERKOOP/UIT TE STAL

.....

.....

.....

.....

UITSTALRUIMTE: 3 X 36 X 3..... OF 9 X 3 ANDER:

- (beskikbare persele sal aan u uitgewys word, sodra u aansoek goedgekeur word)

GETEKEN: _____ DATUM: _____

- NEEM KENNIS DAT GEEN ALLEENREG OP ENIGE PRODUK GEGEE KAN WORD NIE!

Goedkeuring word deur die vereniging gedoen en indien u aansoek goedgekeurd word, is die uitstal ruimte onderhewig aan 'n huurooreenkoms met 'n deposito betaalbaar, gelykstaande aan u huur, en ook 'n administrasiefooi van R150,00. Indien u produkte en uitstal ruimte aan u toegeken word, sal die nodige inligting, huurooreenkoms, reëls en regulasies, en etiese kodes en volledige prosedure van die bedryf van besigheid op die perseel vir u deurgegee word.

AANSOEK **MOET** VERGESEL WORD MET FOTO'S EN INDIEN VERSOEK, VOORBEELDE VAN U PRODUK.

U aansoek sal spoedig moontlik aandag geniet. Baie dankie vir u belangstelling om by ons uitstal en u besigheid by ons te bedryf. Hierdie is slegs 'n aansoek vir uitstal ruimte en produkte. Indien u wel goedgekeurd word en u nie die huurooreenkoms binne sewe werksdae geteken en teruggehandig met die volledige deposito, admin gelde en huur betaal word nie, sal u nie aanspraak maak op uitstal ruimte nie. Struktuur van uitstal is ook onderhewig aan goedkeuring deur bestuur. 'n Volledige beskrywing en/of skets met voorgenome plan moet ook aangeheg word vir goedkeuring.

LET WEL: Die gebou is 'n historiese monument en geen struktuur mag geheg word teen die mure of teen mede uitstallers se strukture geheg word nie.

Vind aangeheg 'n volledige lys van reëls en regulasies van bedryf van besigheid binne "The Goods Shed" om dinge vir u te vergemaklik.

Indien u enige vrae het, kan u gerus Mnr Noor Boolay by telefoonnommer 044-6905358 kontak of Mnr Joubert Coetzee by 044-6065100 en voltooië vorms, afskrif van identiteitsdokument en fotos van produkte moet saam gebring word.

SLEGS VIR KANTOOR GEBRUIK

DATUM ONTVANG: _____

DEUR: _____

VOLLEDIGE FOTO'S:JA / NEE

LYS VAN PRODUKTE..... JA / NEE

UITLEG BESKRYWING VAN STRUKTUUR EN UITLEG ONTVANG: JA / NEE

KOMMENTARE VAN GOODSLED:

KOMMENTARE VAN MUNISIPALITEIT:

GOEDGEKEURJA.....NEE

DEPOSITO:.....ONTVANG OP DATUM:.....

ADMIN FOOI R150, 00 ONTVANG: JA.....NEE.....

HUURBEDRAG VOORUITBETAAL ONTVANG:JA.....NEE.....

UITSTAL RUIMTE TOEGEKEN:.....BLOK.....

HUUR: (R63 per vierkante meter): R.....

ADMIN: (R170 per stalletjie): R.....

ELEKTRISITEIT: (R150 per stalletjie): R.....

KONTRAK ADMIN FOOIE: (R150 EENMALIG): R.....

TOTAAL MAANDELIKS: R.....

Vooruit betaalbaar **met bewys** van betaling voor of op die 25ste van elke maand in die OEV rekening:

Versuim van bewys van betaling in die OEV rekening sal 'n boete van R250 per stalletjie as gevolg hê.

Bankbesonderhede: ABSA Bank Rekeningnommer: 4080058017

Rekeningnommer: OEV (The Goods Shed) Tipe Rekening: Tjek rekening

U Verwysing: Stalletjie Nommer

Neem kennis dat kontant deposito by 'n ATM 'n addisionele koste van R65 kontant hantering fooi gehef word. Doen verkieslik EFT met onmiddellike betaling om ekstra koste te vermy.

ADDENDUM A

REËLS VAN TOEPASSING IN "THE GOODS SHED"

Die doel van hierdie Reëls is om die gebou en persele in 'n ordelike en 'n veilige toestand te hou vir huurders en kliënte.

1. Geen honde word deur Huurders of personeel toegelaat nie.
2. Geen losstaande ysterstrukture, hout of enige ander struktuur mag in die gange, oop areas of buite die gebou staan nie
3. Geen struktuur vir die tentoonstelling van enige gebruiksreg mag die gange blokkeer, die gange soos uitgemerk in swaar geverfde strepe nie.
4. Geen voertuie, sleepwaens word toegelaat in die gebou nie.
5. Geen rolskaatse, fietse of skaatsplanke is in die gebou toelaatbaar nie.
6. Geen voedsel mag in die gebou voorberei word nie. (slegs restaurant).
7. Geen Huurder sal parkeer in die kliënte parkeerarea nie en sal toesien dat geen van hul personeel aldus daar parkeer nie, uitgesluit doeleindes van aflaai van handelsware waarvoor vyftien (15) minute toegelaat word. Huurders parkeer op eie risiko en geen eise, derde party of ander sal teen die Verhuurder ingestel word nie.
8. Geen kinders sal toegelaat word om te speel in die gange, toilette, parkeerarea nie en moet nie toegelaat word om die ander Huurders en kliënte te versteur en/of enige negatiewe invloed uit te oefen nie.(sien klousule 8.4)
9. Kinders moet veral nie toegelaat word om bedags of gedurende skoolvakansies hulle tyd in The Goods Shed te verwyd nie.
10. Persoonlike probleme met mede uitstallers se kinders moet self uitgesorteer word en is nie die Verhuurder se probleem nie.
11. Openings en sluitingstye moet stiptelik nagekom word soos geadverteer en op die tydrooster uitgegee aan Huurders.
12. **Stalletjies moet ten alle tye beman word tydens handelsure en onder behoorlike toesig wees. Geen uitsonderings vir onbemande stalletjies nie.**
13. **Elke huurder is verantwoordelik vir die skoonmaak, netjies hou, verwydering vanaf sy eie perseel.**
14. Goeie besigheidsetiek deur die Huurder en personeel sal ten alle tye toegepas word aan alle kliënte.
15. Huur is betaalbaar **voor of op die 25ste van elke maand.**
16. Geen alkohol sal deur Huurders of personeel op die perseel gebruik of gestoor word nie.
17. Geen smouse sal op die perseel toegelaat word nie sowel as die Huurder se perseel wat enige tipe handelsvoorraad vir hulself verkoop nie. (Verteenwoordigers is welkom en moet vergesel word van Huurder of Verhuurder na die perseel) .
18. Stalletjies mag nie onderverhuur word deur Huurders of verkoop word sonder die Verhuurder se toestemming en skriftelike goedkeuring nie, welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie.

19. Huurders is verantwoordelik vir hulle personeel se gedrag, dissipline en opleiding vir kliëntediens en **moet seker maak dat hul personeel die reëls ken.**
20. **Geen handelsware sal in The Goods Shed verkoop word sonder voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verhuurder nie.** Voorraad moet ingeteken word deur die Huurder en die Verhuurder. **Voorraad aldus op die perseel gebring sal onmiddellik verwyder word.** (sien Addendum A Reël 21) **Enige nuwe produkte wat verkoop word moet deur die Verhuurder skriftelik goedgekeur word voordat dit enigsins op uitstalruimte uitgestal word. Nuwe produkte is onderhewig aan goedkeuring deur Bestuur en moet ingeteken word by die Verhuurder deur die Huurder voor dit uitgestal word.** (Sien punt 19, inagneming van Klousule 2.8, 2.9, 12.13 en 12.19)
21. Geen verwarmers, ketels of urns mag gebruik word in die gebou nie.
22. Die Verhuurder sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies as gevolg van diefstal of enige ander oorsaak nie. (Huurders moet eie versekering reël)
23. Geen ongewenste gedrag, vuil taal of intimidasie of diskriminasie sal geduld word nie.
24. Geen personeel sal hulle produkte in die Huurders se stalletjies verkoop sonder die skriftelike toestemming en goedkeuring van die Verhuurder nie.
25. Geen private draagbare radio's word toegelaat nie. (tensy dit verkoop word). Oorfone moet gebruik word sou u na u eie radio stasie of musiek luister.
26. Etiese Kode, Reëls en Regulasies en Addendum byvoegings is onderhewig aan die Huurooreenkoms en moet streng daarby gehou word (sien Klousule 13).
27. Huurders met brandblussers moet gereeld hul eie brandblussers nagaan en op eie koste diens. Die Verhuurder het die reg om dit te inspekteer en na te gaan op 'n gereelde basis ingeval van brande. Die brandblusser moet gereeld deur 'n geregistreerde Brandblusser Maatskappy nagegaan word met dag, maand en jaar getal van diens sowel as handtekening daarop.
28. **Huurders word nie toegelaat om in te meng met ander Huurders se besigheid se bedryf of voorraad nie, en moet op eie besigheid uitstalruimte konsentreer soos ooreengekom is met Verhuurder,**
29. **Alle klagte moet skriftelik aan die Verhuurder gerig word met naam, van en stalletjienommer.**
30. Rook is verbode in die Goods Shed vir alle Huurders, personeel in sy/haar diens, kliënte, asook toesien dat die Klousule ten alle tye deur bogenoemde toegepas word. Geen sigarette mag deur iemand buite of binne die gebou of vloere doodgedruk of gegooi word nie en slegs in voorsiene, gemerkte houers doodgedruk word. **'n Rokers gebied is aangebring en net een persoon mag dit op 'n tydperk gebruik. Geen uitsonderinge nie. Dringende kennis moet geneem word hiervan.**
31. Sorg dat geen kennisgewings of borde opgerig deur Verhuurder verwyder, beskadig of geskuif word deur enigiemand nie.
32. Kliënte moet ten alle tye vriendelik, bedagsaam, waardig en met respek behandel word. (sien Addendum B -Etiese Kode) **Onder geen omstandighede mag daar kliënte uit 'n ander stalletjie uitgeroep word nie. Moet ook nie kliënte uit die ganger uitroep nie. Respekteer die kliënte se "Nee Dankie".**
33. Werkers moet asseblief nie die gebruik van selfone misbruik deur vir lang tye op hul fone te wees **en kliënte te ignoreer nie.**

34. Dat seker gemaak word dat die Goods Shed te alle tye stiptelik om 17:00 (buite seisoen) en 18:00 (binne seisoen) gesluit word, dus kan daar geen handel gedryf word na die ure nie en daar moet streng hiervolgens gehandel word.
(So kliënte moet asseblief hul transaksies doen voor die betrokke tyd en daarom word daar ook 15 minute, dan 10 minute en laastens 5 minute voor toesluit tyd 'n afkondiging oor die interkomstelsel gemaak in die verband).
35. Stalletjie eienaars/werkers mag eers die Goods Shed verlaat sodra die Bestuurder toegesien het dat al die deure toegemaak is en dit presies die regte tyd is naamlik 17:00 of 18:00 en op sy instruksie dat hul kan gaan om te verhoed dat persone voor die tyd loop.
36. Die stalletjie eienaars/werkers moet in die volgende volgorde hul stalletjies verlaat:
- Restaurant, Blok E, dan Blok D, C, B en laaste Blok A. Dit word gedoen om seker te maak dat die stalletjie georden verlaat word en ook om te verhoed dat enige iemand in iemand anders se stalletjie kan kom.

ADDENDUM B

ETIESE KODE

1. GEHOOR GEE AAN DIE WET

Dit word van ons Huurders verwag om:

Te hou by die relevante Wette en Regulasies

Om eerlik, akkuraat en verantwoordelik te wees in wat ons sê, skryf en kommunikeer

Hou by Reëls en Regulasies en toegee aan die The Goods Shed se Beleid

2. BEHANDELING VAN MEKAAR MET WAARDIGHEID EN RESPEK

Dit word van ons Huurders verwag om:

Eerlik en vertroubaar te wees in ons verhoudings

Billik wees en in aanmerking neem die behandeling van ons/u personeel, kliënte en ander

Om gesonde besigheidsverhoudings te bewerkstellig terwyl met die nodige versigtigheid 'n botsing van belange te vermy

Samewerkend en opbouend te wees in alles wat ons doen

3. INTEGRITEIT EN TOEVERTROUING

Dit word van ons Huurders verwag om:

Koste-effektief en ekonomies te wees in die gebruik van The Goods Shed se bronne.

Toegewyd te wees om kliënte te bedien in The Goods Shed

Die belange van The Goods Shed en sy naam te beskerm en hoog te hou te alle tye.

Betroubaar en vertroubaar te wees in die uitvoering van opdragte en verantwoordelikhede in 'n superieure wyse.

**ONTHOU DIE BESTUURDER MAAK NIE DIE REËLS & REGULASIES NIE
HY/SY MOET NET TOESIEN DAT DIT UITGEVOER WORD SOOS
VERWAG DEUR SY/HAAR WERKGEWER**

**HIERMEE VERKLAAR DIE HUURDER DAT AL DIE INLIGTING OP DIE
HUUROOREENKOMS KORREK IS EN TEKEN HIERDIE
HUUROOREENKOMS OP HY/SY EIE VRYE WIL EN DIT SO AANVAAR EN
DAARBY SAL HOU.**

GETEKEN TE MOSSELBAAI, THE GOODS SHED, OP HIERDIE

..... **DAG VAN** **20**.....

**GETEKEN TE MOSSELBAAI, THE GOODS SHED, OP HIERDIE DAG VAN
..... 20..... EN VERSTRYK OP.**

HUURDER:

VERHUURDER:

.....
VERHUURDER

.....
HUURDER

.....
GETUIE

.....
GETUIE

THE GOODS SHED



MOSSEL BAY

INSAKE ENIGE ALKOHOL GEBRUIKE IN DIE GOODS SHED

1. Geen alkohol of enige ander sterk drank/liquers word toegelaat of gebruik in enige stalletjie ten alle tye tydens oop tye in die Goods Shed nie.
2. Geen persoon aan diens in die Goods Shed sal enige alkohol gebruik voor of tydens werkstyd tydens Goods Shed geadverteerde tye nie.
3. Enige persoon/persone wat enige alkohol gebruik, na alkohol ruik of onder die invloed is se permit sal onmiddellik opgehef word en die werksplek of uitstalruimte sal onmiddellik ontruim word in geval van eienaar of tydelike seisoen stalletjies. Personeel sal gevra word om Goods Shed onmiddellik te verlaat.
4. Geen eienaar of enige personeel sal enige alkohol/drank/liquers toets of proe sessies hê nie. Geen, maar geen alkohol/drank/toets of proe, sal voor of in werkstyd toegelaat word nie.
5. Enige eienaar/personeel wat aan diens is en onder die invloed is sal vir 'n alkohol persentasie toets gestuur word op onkoste van die eienaar van die uitstalruimte en sal deur die Goods Shed Bestuur gereël word. Die rekening sal vir die betrokke eienaar van die uitstalruimte en personeel wees vir die vereffening daarvan.

Ons maak staat op u samewerking.